

1.

HOOFSTUK 1

ARGITEKTONIESE BEELDHOUKUNS

A. By die beoordeling van beeldhouwerk.

By die bekyk van argitektoniese- en ook ander beeldhouwerk is nie net blote waarneming ter sprake nie, maar ook nie net intellektuele beoordeling nie. Om 'n beeldhouwerk na behore te waardeer benodig ons verhoogde sensoriese, emosionele en verstandelike meelewing. Goeie beeldhouwerk en enige ander ware kuns word doelbewus geskep: intelligent en met gevoel en dit kom ook by die waardering daarvan weer ter sprake.

Een van die belangrikste vereistes van enige geslaagde kunswerk is dat dit die belewer daarvan moet laat deurvoel. Dit moet aan hom 'n sekere betekenis, idee, of boodskap oordra. Die kunswerk moet dus 'n geestelike kwaliteit daarin dra wat die aanskouer na die kennismaking daarmee, verryk, agterlaat. Die betekenis kan meervlakkig wees, wat beteken dat dit vir verskillende mensie verskilende betekenisge kan hê, missien verskillend is wat die kunstenaar bedoel het.

Die geestelike kwaliteit van die kunswerk word deur die kunstenaar in die kunswerk vasgele terwyl hy dit skep. Hy gebruik 'n leweloze materiaal en hieruit moet hy lewe skep, of iets wat verband hou met lewe. Dit is belangrik om te kyk na aspekte wat by die skeppingsproses van belang is.

Die driedimensionele in beeldhouwerk is die mees tiperende daarvan. "For sculpture is one of the arts - architecture and pottery are others - which cater especially for our capacity to perceive and respond to form in three dimensions, that is for what is usually called our 'sense of form'".¹ 'n Beeldhouwerk is 'n volume of volumes wat 'n sekere hoeveelheid plek of spasie in die ruimte opneem. Om dit na behore te waardeer behoort die siener om die beeldhouwerk te beweeg, of as dit onmoontlik is, soveel aansigte as moontlik van die beeldhouwerk te siem. 'n Mens behoort ook, behalwe jou oë, jou tassintuie te gebruik om die volumes te kan voel.

Die/...2....

1. Rogers, L.R. Sculpture, bl. 13.

Die **tassintuig** kan ook in kombinasie met die oë gebruik word om die oppervlakte van die materiaal te waardeer. Die oppervlakte kan byvoorbeeld sensueel glad wees, of grof, of dit kan megaliese kwaliteite bevat. Kombinasies van verskillende soort oppervlaktes is ook moontlik.

Wat die oppervlakte van die beeldhouwerk betref is kleur en lig eweneens belangrik. Die materiaal of materiale waarvan die beeldhouwerk gemaak is kan ook wissel in kleur, soos meestal die geval is met hout of klip. Die beeldhouer kan bowendien 'n kleurvariasie op die oppervlakte van die beeldhouwerk aanbring waardeur die trefkrag van die beeld verhoog kan word. Verder het 'n beeldhouwerk, uit die driedimensionele aard daarvan, altyd 'n lig- en skaduspel op die oppervlakte waarvan die kunstenaar, wat poog om iets te sê, gebruik kan maak.

Die oppervlakte van beeldhouwerk kan verryk word deur op groot vorms kleiner vorms aan te bring. Hierdie kleiner vorms het dikwels die funksie dat dit sekere lyne of vorms wat in die beeldhouwerk voorkom herhaal of benadruk.

'n Besondere belangrike aspek is die ritme of beweging in die kunswerk. 'n Herhaling van sekere vorms, lyne, oppervlaktes of kleur in die beeldhouwerk gee daaraan 'n patroonmatigheid, waaraan die oog 'n behoefté het. Dit hoef nie noodwendig 'n feillose, reëlmatige, simmetriese herhaling te wees nie; dit kan ewe goed ook uit baie subtiele suggesties bestaan.

Herhaling kan eweneens die funksie vervul van die oog geleiding te gee. 'n Geslaagde kunswerk behoort 'n klein wêreldjie in homself te wees en behoort in sigself voltooid te wees. Die oog behoort so gelei te word dat dit gedurig weer in die kunswerk in beweeg en nie daaruit nie. Die gevoel dat die kunswerk nog verder kon aangegaan het of dat slegs 'n deel van die kunswerk geslaag het, maar die orige deel nie, is 'n bewys dat die kunswerk nie geslaag het nie. By 'n goeie kunswerk sal 'n mens nooit geneig voel om 'n deel weg te neem of by te voeg nie; alles wat benodig word is aanwesig.

Baie verskillende soorte materiaal kan natuurlik vir beeldhouwerk gebruik word. Elke materiaal vereis egter verskillende hantering.

Elke materiaal het sy eie tiperende eienskappe en om dit suksesvol te kan gebruik moet daardie materie grondig aangevoel word en die kwaliteite daarvan wel deeglik in ag geneem word. Gevolglik word die beeldhouer dikwels deur die aard van die materiaal geleei en 'n beeld kan ontstaan wat nie presies ooreenstem met wat vooraf beplan is nie. Die kunswerk toon dikwels 'n eie wil en stel nuwe perspektiewe oop vir die kunstemaar. "Getrou wees aan die materiaal" moet egter nie 'n wet word nie. Henry Moore se dat die kunstenaar altyd die baas van die materiaal moet wees en nie anders om nie. Hy mag egter nie 'n wrede baas wees nie.²

Die ruimte om 'n beeldhouwerk kan baie belangrik wees. Dikwels kyk 'n mens net na die volume van die beeldhouwerk en vergeet dat die buitegrens daarvan oorsprong gee aan 'n ruimte wat om die beeldhouwerk beweeg. Die ruimte kan ook in die beeldhouwerk in beweeg. 'n Opening in 'n beeldhouwerk kan net soveel betekenis hé as dié volume self.

Wanneer 'n beeldhouer realistiese beeldhouwerk voortbring is proporsies van die uiterste belang. Maar selfs by abstrakte beeldhouwerk speel dit 'n rol. So sal 'n vertikale konstruksie met 'n groot swaar bostuk vir ons topswaar voorkom. Ons is geneig om so 'n beeldhouwerk tog te meet aan die verhoudings van lewende dinge.³

Van 'n geslaagde kunswerk word verwag om inherent aan die aarde gekoppel te wees. Dit moet verband hou met die mens en met lewe. Dit kan gedoen word deur materiale van die aarde en vorms, lyne, of tekture van natuurlike voorwerpe te gebruik. Daar kan selfs gebruik gemaak word van onvoltooide, onafgewerkte dele.

By 'n beeldhouwerk is ook die verhouding wat die verskillende dele van die werk met mekaar vorm en die verhouding van die gesamentlike onderdele ten opsigte van die geheel belangrik. Die dele behoort 'n harmonieuze geheel te vorm. By argitektoniese beeldhoukuns moet bowendien met die verhouding van die beeldhouwerk ten opsigte van die omgewing waarin dit geplaas gaan word rekening gehou word.

B. ARGITEKTONIESE/...4.....

2. James, P. Henry Moore on Sculpture, bl. 113.
3. Bowness, A. Modern Sculpture, bl. 70.

B. ARGITEKTONIESE BEELDHOUKUNS.

By 'n studie wat handel oor die beeldhouwerk in die argitektuur het ons nie meer net met twee kunssoorte, beeldhoukuns en argitektuur, te doen nie, maar met drie: beeldhoukuns, argitektuur en argitektoniese beeldhoukuns. Beeldhoukuns en argitektuur kan op hulle eie staan en geslaagd wees. Net so kan argitektoniese beeldhoukuns, mits dit beantwoord aan die spesiale vereistes wat daaraan gestel word, suksesvol wees. Dit is 'n kunsworm in sy eie reg.

Argitektoniese beeldhoukuns is die produk van die gesamentlike werking van twee kunsforms nl. beeldhoukuns en argitektuur. Die samewerking is moontlik gemaak deur die fundamentele ooreenkoms wat daar tussen die twee bestaan. Op sy beste het ons dus hier 'n sintese tussen twee kunste wat, terwyl hulle mekaar se integriteit vernietig, tog 'n nuwe eenheid skep:⁴ 'n nuwe eenheid, uniek aan die kombinasie, iets heeltemal anders as elke kunsform apart. Die skeppende werk van die beeldhouer en argitek, die verhouding tussen die beeldhouwerk en argitektuur en ten slotte die betekenis van die geheel is elemente wat belangrik is in argitektoniese beeldhouwerk. In die kombinasie van al die elemente lê die sukses van die werk opgesluit.⁵

Argitektoniese beeldhouwerk staan in verband met die argitektuur. Dit behoort altyd gesien te word teen die oorspronklike agtergrond waarby dit hoort en moet as sulks beoordeel word.

Argitektoniese beeldhoukuns, of boubeeldhoukuns (soos die Nederlanders dit noem) is dus dualisties van aard. Dit is juis hierdie dualistiese karakter daarvan wat dit 'n kuns maak wat betreklik min beeldhouers met sukses kan hanteer. Argitektuur dra die aksent van die abstrakte meetkunde terwyl beeldhoukuns meer die aksent van die werklikheid dra en aansluit by die wisselende vorme van die lewe. Kunstenaars wat beeldhoukuns skep wat boukuns versier, moet bereid wees om in te pas by die abstracte skoonheid van die boukuns. In 'n sekere sin moet hierdie beeldhoukuns dus argitektonies word.

Nogtans 5.....

4. Read, H., The Art of Sculpture, bl. 14.

5. Eaton, N., "Art in Architecture", Fontein 1 (1), 1960.

Nogtans is die krag en doel van beeldhoukuns in die argitektuur juis daarin geleë dat dit in die abstrakte vorme van die argitektuur suggesties van die werklike lewe kan oproep.⁶ Argitektoniese beeldhoukuns kan nie net 'n versiering wees nie, dit moet ook in sigself betekenis dra. Individualiteit is net so belangrik as ineenskakeling. Om presies te kan aandui wat argitektoniese beeldhoukuns is, moet ook gelet word op die verskil tussen argitektoniese beeldhouwerk en ornament. Omdat beeldhouwerk vir baie jare slegs die basiese funksie van dekorasie in die gebou vervul het, kan elke blote versiering maklik aangesien word vir argitektoniese beeldhouwerk.

Die funksie van ornamentasie val binne die saaklike werklikheid van dié gebou.⁷ Die doel daarvan is opluistering van die gebou. Versiering dra in sigself geen gees of lewe nie. Argitektoniese beeldhoukuns streef egter na baie meer as net blote versiering. Dit dra aan ons 'n sekere gevoel, idee of boodskap oor. Ons sien daarin die skeppende kunstenaar wat in sy skepping 'n deel van homself uitstort. Hierdie soort beeldhouwerk berus nie op reëls nie en dit is dikwels die individualistiese wat dit laat slaag. Argitektoniese beeldhoukuns gee aan die gebou 'n meer lewendige karakter of onderstreep die doel daarvan.⁸

Waar ons met argitektoniese beeldhoukuns te doen het moet nie net die beeldhouwerk nie, maar ook die argitektuur 'n noodsaaklike aanpassing maak. Die beeldhouwerk behoort struktureel in die gebou verantwoord te wees en daar word vereis dat dit esteties essensieel in die ontwerp van die gebou is.

Volgens Herbert Read kan geen geslaagde skildery of beeldhouwerk 'n goeie argitektoniese ornament wees nie. Perfeksie in enige kunsvorm maak dit onverenigbaar met 'n ander geslaagde kunsvorm.⁹ By die argitektoniese beeldhoukuns is dit nie die perfekte, volmaakte beeldhouwerk wat die beste gaan wees nie. Aanpassing van beide kante is noodsaaklik.

Argitektoniese. 6/.....

6. Gratama, J., Dr. H.P. Berlage - Bouwmeester, bl. 27.
7. Boeck, U., Sculpture on Buildings, bl. 5.
8. Arnott, B.M., The Evolution of Sculpture in South Africa, (M.A. (Fine Arts)-1961, bl. 72.
9. Boeck op. cit., bl. 7.

Argitektoniese beeldhoukuns kan dus gesien word as 'n afsonderlike kunsvorm met sy eie unieke vereistes. Aan die hand van die geskiedenis van argitektoniese beeldhoukuns kan vasgestel word in watter tydperke geslaagde argitektoniese beeldhoukuns geskep is, en kan die vereistes van argitektoniese beeldhoukuns geformuleer word.

Beeldhoukuns en argitektuur word vanaf die vroegste tye in kombinasie met mekaar aangetref. In die vroegste tye het nog geen skrif bestaan nie. Nadat dit in gebruik gekom het, kon die gewone mens dit nie lees nie en het beeldhouwerk die rol van geskiedskrywing vervul. Deur beeldhouwerk moes die gode vereer word of daar moes 'n visuele beeld van die grootheid van die koning of kerk geskep word.¹⁰ Die beeldhouwerk is nooit bloot as versiering aangewend nie, maar het 'n uitgesproke doel gehad.

Die meeste kunshistorici stem saam dat daar in Egipte, gedurende die "Nuwe Koninkryk", wat ingelei is deur die 18de dinastie, 'n verbasende sintese van argitektuur en beeldhouwerk plaasgevind het. In meeste van die tempels wat in die periode gebou is speel beeldhouwerk nie so 'n belangrike rol dat die geboue hulle argitektoniese eenheid verloor nie, maar die argitektuur ontneem die beeldhouwerk ook nie aan vryheid nie. In sommige gevalle ontstaan daar 'n byna perfekte harmonie tussen argitektuur en beeldhouwerk soos byvoorbeeld Abu Simbel, die meesterwerk van Ramses 11.

Die beperkinge wat die kunstenaar opgelê word, lei tot 'n metode waarvolgens die kunstenaar sy sin vir dekorasie ontwikkel. Die reliëfwerk pas in lyn en vlak aan by die reghoekige muurvakke waarteen dit gebruik word, asook by die hoekige vorm van die gebou. Die argitektoniese struktuur word aldus in die reliëfs herhaal.¹¹ Die selfstandige beeldhouwerk herhaal ewen-eens kwaliteite wat eie is aan die Egiptiese argitektuur soos die vierkantige vorm, soliedheid en gewig. Hierdie eienskappe vind ons byvoorbeeld treffend terug in die statige en sterk beelde van Khafre en Ranofer (beide in die Kairo-museum).

Daar 7.....

10. Dubow, N. "The Integration of Art and Architecture", Deel 1 South African Architectural Record, Julie 1966, bl.17-23.

11. Damaz, P. Art in European Architecture, bl. 25

Daar was 'n sterk eenheid tussen beeldhouwerk en argitektuur in hierdie periode omdat dit die doel van die Egiptiese kuns was om religieuse en politieke idees in 'n verstaanbare vorm daar te stel. Daar moes monumente vir persone opgerig word en geboue vir godsdienstige rituele moes daargestel word. Die sterk verband wat daar in die bouwerke tussen skilderkuns, beeldhoukuns en argitektuur ontstaan het, was 'n gevolg van die feit dat by aldrie dieselfde doelstelling beliggaam was.

Onderwerping aan die sentrale idee het 'n sterk dissipline op die kunstenaar geleë. Hy het geen individuele status gehad nie en sy kuns was grotendeels onpersoonlik. Deur konwensie sowel as beskikbare materiaal is sterk beperkinge op hom geleë. Die krag en eenheid van die Egiptiese kuns ontspring uit die onvoorwaardelike aanvaarding van hierdie beperkinge.¹²

Waar die meeste kunskritici saamstem dat daar in die Egiptiese kuns 'n sterk eenheid bestaan tussen beeldhoukuns en argitektuur, bestaan daar uiteenlopende opinies omtrent hierdie aspek in die Griekse kuns, veral wat betref die Parthenon.

Herbert Read beweer dat die beeldhouwerk so 'n fundamentele deel van die Griekse boukuns is, dat dit eintlik die boukuns self is. Die Parthenon is 'n gebeeldhoude plastiese konstruksie.¹³ Die binnewerking is onbelangrik, dit is net die eksterieur wat tel.

P.E. Corbett meem dat die figure so volmaak in die metope van die Parthenon pas, dat ons skaars bewus is van die begrensing van die vierkantige raam daaromheen. In die pediment van die Parthenon (of wat daarvan oor is) is die houding en plasing van die figure sodanig dat dit lyk asof hulle organies groei uit die situasie waarin hulle hulle bevind en nie uit die argitektoniese raamwerk nie.¹⁴ Dit lyk asof argitektoniese beeldhoukuns hier net beoordeel word as beeldhouwerk.

R.D. Martienssen beweer egter dat die latere Griekse beeldhouers nie meer so gewillig was om hulle kuns ondergeskik te maak aan die vereistes wat deur die argitektuur aan hulle gestel is nie.

Hulle 8/.....

12. Newton, E. The Arts of Man, bl 31.

13. Read, H. op. cit., bl. 9.

14. Corbett, P.E. The Sculpture of the Parthenon, bl. 13 en 8.

Hulle het na meer onafhanklikheid gestrewe. Die metope van die Parthenon toon die vryheid wat die beeldhouer bereik het. Die naturalisme en beweging verontagsaam die gedagte van formele ritme. Ook in die pediment vind ons reeds beeldhouwerk wat nie meer aangepas is by die argitektuur nie.¹⁵

Die Griekse kuns het egter oor 'n lang tydperk gestrek en 'n hele aantal periodes beslaan. In die opeenvolgende periodes het die beeldhoukuns verskillende grade van argitektoniese eenheid bereik. In die vroeë tempels word die geometrie van die tempel herhaal in die formalisme van die gebeeldhoude panele.¹⁶ Die beeldhouwerk is in ooreenstemming met die gebou wat versier word en getuig van sorgvuldigheid, subtiele vormbalans en 'n sinvir harmonieuse proporsies waar die hele struktuur in ag geneem word.¹⁷

Ons vind 'n sterk eenheid tussen beeldhoukuns en argitektuur in die vroeëre Griekse periodes. Die eerste Griekse kunstenaar, Daedalus, was sowel beeldhouer as bouer. Die beeldhouer, Phidias, het Ictinus gehelp met die beplanning van die Parthenon. Die Griekse beeldhouer het dus ook kennis gedra van die struktuur waaraan sy beelde geheg word.¹⁸

Soos in die geval van die Egiptiese kuns was daar ook 'n sentrale doel waarna almal gestreef het. Die Grieke het humaniteit verheerlik. Dit gaan hier nie om die uitbeelding van persoonlikhede nie maar om die strewe na fisiese perfektheid. Dit is die uitbeelding van 'n tipe wat bydra tot die eenheid wat daar in baie van die geboue bestaan.¹⁹

Die hoofvoedingsbron van die Romeinse kuns was Hellenistiese idees en voorbeeld. Daar bestaan egter duidelike, diepgaande verskille tussen Griekse en Romeinse kuns. Een van die basiese verskille is die verandering wat intree in die verhouding van beeldhouwerk en argitektuur.

In 9/.....

15. Martienssen, R.G. The Idea of Space in Greek Architecture, bl. 97 en 101.
16. Ibid., bl. 96.
17. Gardner, P. A Grammar of Greek Art, bl. 34.
18. Boeck op. cit., bl. 8.
19. Newton op. cit., bl. 34.

In die Romeinse periode vorm beeldhouwerk nie langer n onmisbare deel van die argitektuur nie, dit word suiwer versiering. Gebeeldhoude dekorasies word bo-op n argitektoniese kern aangebring en toon dikwels geen verband met die struktuur daarvan nie.²⁰

Die erkenning van die Christendom deur keiser Konstantyn in die vierde eeu na Christus het ook n groot verandering in die kunsste van Europa laat plaasvind. Die uitbeelding van fisiese skoonheid word geleidelik oorheers deur n spirituele strewe. Die gees, en nie die liggaam nie, was waarvoor hierdie nuwe godsdiens hom beywer het.²¹

Gedurende die 6de en 7de eeu het beide in die idees en die vorm van beeldhouwerk groot wysigings plaasgevind. Slegs die idee was belangrik en n realistiese uitbeelding was nie langer noodsaaklik nie. Die kunstenaars het hulle tot die noodsaaklike beperk.²² Ons tref dus n kuns aan waarin veral abstraksie tot uiting kom, die ritmiese en spirituele basis is belangriker as die werklikheid.²³

Gedurende die Ikonoklastiese periode (726 - 845 A.D.) is die kerke meestal versier met gebeeldhoude ornament wat op plantvorms gebaseer is. Die beeldhouwerk word hier as dekorasie gebruik.

In die Na-Ikonoklastiese tydperk is beeldhouwerk nie aangemoedig nie en gevolelik bestaan daar min volronde- en reliëfbeeldhouwerk in die tydperk.²⁴ Die geestelike en simboliese het steeds belangrik gebly.²⁵

In die Romaanse tydperk (10de tot 12de eeu) vind daar n herlewing van beeldhouwerk plaas.

Ongeveer 10/.....

20. Muschenheim, W. Elements of The Art of Architecture, bl. 181.
21. Newton op.cit., bl. 34.
22. Gombrich, E.H. Kuns deur die eeue, bl. 95 - 96.
23. Talbot-Rice, D. Art of the Byzantine era, bl. 7.
24. Ibid., bl. 148.
25. Gardner, H. Art through the Ages, bl. 224.

Ongeveer 1100 nC word klipkerke gebou met beeldhouwerk wat uit die boukonstruksie groei.²⁶ Die meeste kenners stem saam dat indien daar ooit tot 'n vergelyk gekom is tussen beeldhouwerk en argitektuur dan was dit in hierdie periode. Herbert Read beskou die Romaanse basiliek as 'n voorbeeld van die perfekte huwelik tussen beeldhouwerk en argitektuur.²⁷

Die kerke is soliede geboue met 'n eie vormskoonheid waarvan die uiterlike sowel as die binnewande belangrik is. Bou- en beeldhouwerk vorm 'n pragtige harmonie. Daar bestaan 'n unieke balans tussen die figuratiewe beeldhouwerk en die geometriese harmonie van die eenvoudige argitektoniese konstruksie. Die argitek het die gebou ontwerp met 'n bepaalde doel en het plek gelaat vir die nodige beeldhouwerk. Die beeldhouwerk sluit aan by die argitektuur en die doel. Die argitektoniese beperkinge van die verskillende dele van die konstruksie vorm die grondslag waarvolgens die kunstenaars werk.²⁸ Die beeldhouwerk beklemtoon dus die konstruksie van die gebou asook die ruimtelike verhoudings en verskillende ritmiese lyne wat deur die ontwerp loop. Dit onderstreep ook die religieuse doel van die gebou, sodat 'n eenheid in styl en konsepsie bereik word.²⁹

Die beeldhouwerk behou egter 'n eie karakter, vol erns en direktheid, beweeglikheid en fantasie.³⁰ Dit is dekoratief sonder om ooit oppervlakkig te raak. Aan die einde van hierdie periode word die beeldhouwerk egter meer realisties. Die fantasie gaan dan verlore en die eenheid tussen beeldhouwerk en argitektuur verdwyn.³¹

In die katedraal van Chartres, een van die beste uitings van die Gotiese tydperk (12de tot 15de eeu), is die beeldhouwerk so sterk verenig met die argitektuur dat selfs die kleinste detail van die beeldhouwerk in die gees van die argitektuur spreek.³²

Die 11/.....

26. Weigert, H. Romanesque sculpture, bl. 9.
27. Read op. cit., bl. 18.
28. Gardner, H. op. cit., bl. 237.
29. Read op. cit., bl. 13.
30. Gardner, H. op. cit., bl. 237.
31. Ibid., bl. 238.
32. Boeck op. cit., bl. 5.

Die eenheid tussen beeldhouwerk en argitektuur is daarenteen soms te ver gevoer. Dit word n doelbewuste proses waarin die ritme baie belangrik word. Die figure word dan dikwels ontliggaam. Hulle word ontsielde figure wat help om die patroonmatigheid van die komposisie verder te dra. Die figure pas te maklik in die lang uitgerekte vorm en die pilaaragtige kwaliteit help om die lyn en vorm van die argitektuur te beklemtoon, maar is insigself betekenisloos.³³

In die laat Gotiek kom daar weer meer harmonie tussen beeldhouwerk en argitektuur. Die figure is naturalisties en die verhoudings natuurliker. Die pilaaragtige vorm, die argitektoniese verlenging en die spel van lyn en vorm wat so sterk by die argitektuur aangepas het, verdwyn.³⁴

In die kuns van die Renaissance is meer nadruk geleë op die prestasie van individue as die van die voorafgaande tydperke. Kuns was voor die Renaissance-mens 'n simbool van geloof, en die individuele persoonlikheid was ondergeskik aan God. Tydens die Renaissance word die vakman kunstenaar, die kunstenaar individu. "The cult of the individual, the concept of 'genius' was a product of the Renaissance."³⁵ Die beeldhouwerk van die Renaissance konsentreer op losstaande werk. Elke kunswerk op homself is belangrik. Die meeste beeldhouwerk het min of geen verband met die argitektuur nie. Die beelde het 'n definitiewe voor- en agterkant, omdat hulle bestem is om teen 'n vlak of in 'n nis te staan. Tog is daar geen vlak- of lynsamehang tussen beeld en agtergrond nie. As voorbeeld geld Michelangelo (1475 - 1564) se beelde in die graftombe van die de Medici's. Hier is baie min verband tussen die beelde en die argitektuur.³⁶

Beeldhouwerk wat aan geboue bevestig is het verander na blote dekorasie. Dit lyk vanaf 'n afstand of dit 'n deel van die argitektoniese struktuur vorm, maar dit vervul geen argitektoniese funksie nie.

In 12/.....

33. Herbert, G. "An Historical survey of the Relationship of Sculpture to Architecture", The South African Architectural Record, bl. 156 - 159, Junie 1944.
34. Katzenellenbogen, A. The Sculptural Programs of Chartres Cathedral, bl. 92.
35. Newton op.cit., bl. 16.
36. Goldschneider, L. Michelangelo. bl. 17.

In die Renaissance was daar 'n gedurige spanning tussen beeldhouwerk en argitektuur: in die Baroktydperk word huis weer 'n samesmelting van die twee kunste aangetref.³⁷

In die Baroktydperk word die kunste weer ingespan vir 'n uitgesproke doel, naamlik propaganda vir kerk en vors. Die kunste is saam gebruik om 'n grootse, fantastiese, oorbluffende effek te verkry. Argitektuur, beeldhou- en skilderkuns is in hulle beweeglikheid, styging en daling, dikwels so intiem aan mekaar verbonde dat dit soms moeilik is om te weet waar een begin en die ander eindig.

Omdat daar een doel was, is die samewerking tussen argitekte, skilders en beeldhouers uniek. Die beeldhouer respekteer die argitektoniese geheel wat daar gestel is. Beeldhouwerk word dikwels gebruik as die kern van 'n hele aantal spanningslyne in die argitektuur. Dit het dikwels die funksie van herhaling, intensivering en beklemtoning van vorm en lyn. Dit dra en versterk die beweging wat eie is aan die argitektuur.³⁸ Die beeldhouwerk aan die gebou onderstreep die wêreldlike of godsdienstige doel van die gebou.

Na Bernini (1598 - 1680) en ander Barokkunstenaars het argitektoniese beeldhouwerk egter weer verminder. Die argitekte het 'n periode van verwarring beleef en probeer om 'n nuwe styl te vind deur die herrangskikking en samevoeging van ou bestaande ordes. 'n Herlewing van opeenvolgende ou boustyle uit die geskiedenis ontstaan ongeveer in die helfte van die 18de eeu.³⁹ Hierdie verskynsel strek gedurende 'n tyd lank voort terwyl daar, as gevolg van ontwikkelings wat daar op die tegnologiese, industriële, ekonomiese, sosiale en godsdienstige vlak plaasgevind het ook 'n nuwe westerse argitektuur begin ontwikkel. Die nuwe materiale wat die industriële eeu begin produseer het, speel hierby 'n belangrike rol.⁴⁰ Die industriële rewolusie gee ook aanleiding dat beeldhouwerk as oorbodig en onnoodig beskou word.⁴¹

Die 13/.....

37. Boeck op. cit., bl. 16.
38. Stech, V.V. Baroque Sculpture, bl. 47.
39. Gardner, H. op. cit., bl. 765.
40. Ibid.
41. Phillips, D.J. Technical Processes of Sculpture
(M.A. (Fine Arts) - 1938) C T, bl. 7

Die logiese gebruik van nuwe materiale, die reaksie teen die vroeëre dekoratiewe oorversiering, het tot vereenvoudigde vlakte, reguit lyne en onversierde muurvlakke geleid.⁴² Die argitektuur het, in 'n poging om sy verlede af te skud, ook van een van sy belangrikste medewerkers, nl. beeldhouwerk, ontslae geraak.⁴³

Met die bou van die Beursgebou in Amsterdam in 1903 het dr. H. P. Berlage (1856-1934) probeer om kuns en argitektuur weer bymekaar te bring. Die Beursgebou is uitdrukking van 'n sosiale en artistieke eenheidswil soos dit tussem 1890 en 1900 in enkele kringe in Nederland sterk herleef het. Berlage het daarna gestreef om die verskillende kunste bymekaar te bring onder een idee, nl. 'n suiwer grondplan wat alleen rekening hou met die eise aan die gebou gestel.⁴⁴ Die boukuns word beskou as die belangrikste kuns en die ander kunste is daaroor onderskik.

Die Beursgebou is 'n steengebou met 'n logiese en saaklike konstruksie. Dit was 'n tipiese utiliteitsgebou.⁴⁵ Dit was die taak van die kunstenaars om die nodige sin aan die gebou te gee. Volgens Berlage moes die versiering egter 'n doel hê: Dit moes die aandag op die konstruksie vestig en die taak daarvan toelig en idealiseer. Net soos Viollet-le-Duc (1814-1879) het Berlage ook geglo aan dié formule: "Elke vorm welke niet door de structuur ~~wandt~~ bepaald moet worden verworpen."⁴⁶

Berlage en die beeldhouers van sy tyd het beoog om beeldhouwerk te skep wat aangepas was by die argitektoniese vlak. Dit was 'n uitstekende idee maar daar was baie gevare daarin opgesluit. "Der Wille zum System ist der Wille lebendiges zu töten." (Nietzsche) Beeldhoukuns wat 'n sterk argitektoniese inslag het is dikwels styf, onbeweeglik en vormloos.

Die 14/.....

42. Damazi op. cit., bl. 20.
43. Dubow op. cit.
44. Van Reijn, T. Nederlandse beeldhouwers van deze tijd, bl. 19.
45. Gratama op. cit., bl. 27.
46. Berlage, H.P. Schoonheid in Samenleving, bl. 22.

Die beeldhouers van die tyd het nie daarin geslaag om goeie argitektoniese beeldhoukuns te skep nie. Die argitektuur het sy stempel op die beeldhoukuns oorgedra en daarwan n uitgesproke dianende kuns gemaak.⁴⁷ Nogtans is hier n begin gemaak met die skepping van die moderne gestileerde beeld.⁴⁸

Aan die begin van die 20ste eeu het n nuwe beweging in die argitektuur ontstaan, naamlik die funksionalisme. Die argitek het die gebou as 'n masjien beskou waarin die mens werk en leef. Die sukses van so 'n gebou het dus afgehang van die mate waarin die struktuur beantwoord het aan die doel van die gebou. Alle elemente wat bloot dekoratief was en nie funksioneel nie, is nou verban.⁴⁹ Funksionalisme is 'n direkte uitvloeisel van die groei wat plaasgevind het op die gebied van die industrie en tegnologie.⁵⁰

Funksionalisme is die argitektuur van die funksie, denke en logika. Dit het bo alles gestrew na skoonheid en suiwerheid. Daar is geen misterie of ydelheid nie.⁵¹ Die estetika daarvan was suiwer rasioneel en het geen plek vir emosie gelaat, wat so kenmerkend van baie ander kunsrigtings is nie.⁵²

Alhoewel die funksionele teorieë van die pioniers van die moderne argitektuur kuns nooit heeltemal uit die argitektuur geskakel het nie, het n groot meerderheid van die aanhangers daarvan dit tog wel gedoen. Die gevolg was dat die woord "Funksionalisme" sinoniem geword het met naaktheid en kaalgestrooptheid.

Daar is verskeie redes waarom daar n breek tussen argitektuur en beeldhouwerk ontstaan het. Die moderne mens se materialistiese lewensbenadering word deur die logiese denke oorheers, en kuns, wat deels op emosie en gevoel berus, het losgestaan van die alledaagse lewe.

Dit 15/.....

47. Gratama op. cit., bl. 27.

48. Van Reijn op. cit., bl. 24.

49. Arnott op. cit., bl. 75.

50. Dubow op. cit.

51. Birren, F. Color, Form and Space, bl. 74.

52. Damaz op. cit., bl. 7.

Dit was dikwels die doel waarna gestreef is wat die eenheid tussen argitektuur en beeldhoukuns teweeggebring het. In die Middeleeue was godsdiens die sentrale uitgangspunt. In die funksionalistiese tydperk het die doel, die geloof aan iets, ontbreek.⁵³

Daar kan ook skaars verwag word dat eenheid tussen argitektuur en kuns kan bestaan waar beide argitek en kunstenaar strewe na selfverheerliking. "Naam" het te belangrik geword. Die geboue wat in die eerste helfte van die twintigste eeu ooperig is, is heeltemaal anders as die tempels, katedrale en paleise van die vorige eeu. Die fabriekse en kantore wat vandag gebou word moet so effektief as moontlik wees. Die gebou is slegs belangrik in hoe 'n mate dit beantwoord aan die vereistes wat die gebruiker daaraan stel.⁵⁴

Die opkoms van die demokrasie het die bo-klasse van die maatskappy, wat altyd die beskermhere van die kuns was, begin uit-skakel. Die argitek se ideale klandisie het verdwyn. Die meeste argitekte ontwerp vandag geboue waarin daar vanweë die finansies nie voorsiening vir kuns gemaak kan word nie.

In die moderne tyd is die regering en groot besighede die ideale opdraggewers. Tot 'n paar jaar gelede, in sommige lande meer as in ander, het regerings en besighede nie so 'n oorwegende rol vervul nie.

Moderne argitekte is verplig om gebruik te maak van materiale wat deur massaproduksie ontstaan het en wat skaars deur die menslike hand geraak word. Kuns, wat per slot van sake, individuele hande-arbeid is, moes agterbly in die era van massa-produksie.⁵⁵

Die publiek het reeds geleer om moderne argitektuur te aanvaar omdat mense meer en meer op utiliteitsvoorwerpe georiënteer word. Maar eertydse kuns is nie deur die groot massa aanvaar nie.

Beide 16/.....

53. Ibid., bl. 11.

54. Dubow op. cit.

55. Damaz op. cit., bl. 16.

Beide kunstenaar en argitek het die breuk tussen beeldhoukuns en argitektuur verwelkom. Elkeen kon nou konsentreer op die vereistes wat sy eie kuns aan hom gestel het.

Funksionalisme het wel deeglik ook n positiewe bydrae gelewer. Dit het argitekte sowel as beeldhouers geleentheid verskaf om die moontlikhede van hulle media grondig te leer ken. Dit was n tydperk van goeie en noodsaaklike suiwing van oorborgende laste.

Funksionalisme moes noodwendig tot n einde kom. Vir die funksionaliste is die doel van n gebou belangrik, maar hulle het dikwels vergeet dat menslike wesens, wie se geestelike behoeftes enige tyd net so groot is as hulle materiële behoeftes, die gebou gebruik het.

Walter Battiss het gesê dat die argitektuur vir hom die verlenging van die idee van die mens is, m.a.w. "die buitevel van die mens."⁵⁶ Argitektuur kan egter nooit hierdie rol vervul as dit bloot suiwer funksioneel en logies is nie.

Met funksionalisme het argitektuur as n kuns gedreig om te verdwyn. Die argitek was n ingenieur, n wetenskaplike en nie langer n skeppende kunstenaar soos hy gedurende die vorige eeue was nie. Maar kuns is n inherente uiting van die mens wat ook in die argitektuur n belangrike rol behoort te speel.

Die argitek Oscar Niemeyer (1907) het in opstand gekom teen die reguit lyne van die "pure and logical" skole. Volgens hom het hulle gely aan n tekort aan oorspronklikheid en plastiese skoonheid.⁵⁷ Ook volgens le Corbusier (1887), een van die grondleggers van die moderne argitektuur, is argitektuur wel deeglik n kunsform, n fenomena van emosie - "A pure creation of spirit." By Funksionalisme kon al hierdie vereistes nouliks aangetref word.⁵⁸

Argitektuur moet bruikbare ruimte skep, maar dit moet tegelykertyd n plastiese vorm van uitdrukking wees.

Die 17/.....

56. Battiss, W. "Die verwantskap tussen Argitek en Kunsteenaar", The South African Architectural Record, November 1955, Bl. 31 - 32.

57. Krafft, A. Architecture, Form, Functions, bl.8.

58. Le Corbusier, Towards a New Architecture, bl. 19. Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die balans wat geskep word, die konflik tussen vorm en dekorasie, tussen funksie en estetiese effek – dit is wat tot goeie argitektuur lei.⁵⁹

"Architecture is beyond utilitarian things

Architecture is a plastic art."

(Le Corbusier: *Vers une Architecture*).⁶⁰

Selfs toe funksionalisme nog in volle swang was, was daar in die dertiger jare 'n aantal argitekte wat reeds daarna gestrewé het om kuns weer terug te bring in die argitektuur.⁶¹ Baie ander argitekte het daarenteen nie hierdie mening gedeel nie. Van laasgenoemdes het egter in hulle argitektuur begin erken dat daar iets nodig was om die afwerende strengheid in die argitektuur te verlig. Daarom tref ons soveel eksperimente aan wat met kontrasterende materiale en kleure op geboue gemaak is. Dit is alles pogings om op 'n visuele manier die strakheid van die funksionele beplanning te verlig.⁶²

C. DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN ARGITEKTUUR EN BEELDHOUWERK.

"To me all fine sculpture is architectural in the sense that it embodies many of the same basic principles that architecture does, and, in the same sense, all architecture is sculptural: the study of space, form and related masses. In fact, there is no definite division: it is difficult at times to tell where one stops and the other begins."⁶³

Die geskiedenis het bewys dat argitektuur en beeldhoukuns met sukses saam gebruik kan word. Hulle moet dus sekere een-kappe hê wat ooreenstem. Die verskynsel van argitektoniese beeldhouwerk het sy ontstaan te danke aan hierdie verwantskappe. As ons dink aan beeldhoukundige argitektuur en argitektoniese beeldhouwerk kan die gevolg trekking gemaak word dat daar eintlik baie min is wat die twee kunste van mekaar skei.

Beide 18/.....

59. Ramsden, E.H. Sculpture: Theme and Variations, bl. 10.
60. Damaz op. cit. bl. 27.
61. James op. cit., bl. 99
62. Hendrikz, W. de S. "Sculpture in relation to architecture", The South African Architectural Record, November 1955, bl. 26 – 31.
63. Bitterman, E. Art in Modern Architecture, bl. 86.

Beide kunste werk met dieselfde materiale: klip, hout, metaal, terra-cotta, konkreet, staal en die menigte moderne materiale wat die tegniek tot die beskikking van beeldhouer en argitek stel. Beeldhouwerk en argitektuur spreek tot ons deur hierdie materiale waarmee dit uitgevoer word. Kleur en tekstuur is dus n belangrike eienskap van albei.

Beeldhoukuns en argitektuur is beide driedimensioneel. Selfs reliëfwerk moet diepte hê. Vorm is seker die belangrikste eienskap van die twee kunste. Waar ons te doen het met vorm en volumes het ons noodwendig ook te doen met lig en skadus spel.

Argitektuur sowel as beeldhouwerk het te doen met ruimtelike verhoudings. Die woord 'beeldhoukundig' word soms gebruik in verband met argitektuur. Net so word die term 'argitektoniese' dikwels ten opsigte van beeldhouwerk gebruik. Plastiese vorm word dikwels deur argitektoniese ruimtelike verhoudings bepaal. "Gattamalata" van Donatello is al verskeie kere beskryf as n beeld met argitektoniese kenmerke. Dit het geen verband met enige gebou nie maar dra in homself elemente wat eie is aan beeldhouwerk sowel as argitektuur.⁶⁴

Daar is egter ook belangrike verskille tussen argitektuur en beeldhouwerk wat voortspruit uit die verskil in elkeen se funksie.

Van die argitek word verwag om gedurig die praktiese vereistes van n gebou in gedagte te hou. Mense moet in sy skepping kan woon en werk. Omdat sy skepping funksioneel moet wees is die argitek genoodsaak om sy gebou te konstrueer uit ommuurde ruimtes wat deur menslike werksaamhede bepaal word. Dit kan argitektuur as n kuns van suiwer ekspressie begrens.

Dis vir die beeldhouer nie nodig om funksioneel of nuttig te wees nie en hy kan gebruik maak van n vryer verkenning van vorm en organiese ritmes. Sy vorms word glad nie beperk deur praktiese oorwegings nie.⁶⁵

Die 19/.....

64. Encyclopaedia of World Art, bl. 830.

65. James op. cit., bl. 73.

Die hoofdoel van argitektuur is die skepping van 'n afgeslote ruimte wat noodsaaklik is vir die menslike aktiwiteit. Argitektuur is dus hol en die konsentrasie is meer op die binne-ruimte. Die oppervlakte van die beeldhouwerk is belangrik. By konstruktivistiese beeldhouwerk is die ruimte wat binne in die beeldhouwerk geskep word baie belangrik, maar dit is nie 'n begrensde binneruimte nie, 'n mens neem dit van buite waar.

Dit lê in die karakter van die argitektuur om gebruik te maak van geometriese, dikwels abstrakte vorms. Dit is nie 'n voorstellingskuns nie en alles wat enigsins dui op voorstelling moet in die geheel geïntegreer wees.⁶⁶

Geslaagde beeldhouwerk het te doen met lewe. Dit reik verder as die materiaal waaruit dit gemaak is. Dit skep die indruk dat dit organies gegroei het.

"Sculpture, for me, must have life in it, vitality. It must have a feeling for organic form, a certain pathos and warmth. Purely abstract sculpture seems to me to be an activity that would be better fulfilled in another art such as architecture."⁶⁷

Die rede vir die groot oplewing wat in die 20ste eeu op die gebied van die beeldhoukuns gekom het, is die wegbeweeg van sowel die realistiese afbeeldings van die natuur as van die illustratiewe. Die beskikbaarheid van nuwe materiale het ook hier 'n bydrae gelewer.

Beeldhoukuns, nadat dit wegbeweeg het van 'n realistiese weergawe van die natuur, staan baie nader aan die argitektuur wat vir baie van dieselfde fundamentele beginsels werk, naamlik vorm, ruimtelike verhoudings, volume, lig en kleur. Ook as gevolg van baie abstrakte eienskappe van die beeldhoukuns, staan dit aansienlik naby aan die argitektuur wat meestal uit geometriese, anorganiese vorms opgebou is.

Ons het vandag 'n toestand wat nuut is en eie aan ons tydvak. Beeldhoukuns is nie meer die voorstellingskuns van vroeër nie. Beeldhouwerk en argitektuur verken dieselfde basiese probleme.

Argitektuur 20/..

66. Ritchie, A.C. Sculpture of the 20th Century, bl. 11.

67. James op. cit., bl. 73.

Argitektuur is in staat om vryer vorm te gebruik. Waar die twee kunste so naby aan mekaar lê kan ons 'n geslaagde sintese verwag.

D. ALGEMENE VEREISTES EN STELREËLS VIR GESLAAGDE ARGITEKTONIESE BEELDHOUKUNS.

Voordat daar enigsins ingegaan kan word op "vereistes" moet eers duidelik besef word dat daar geen reëls vir kuns neergele kan word nie. Kuns word deur menslike wesens geskep wat talent en oorspronklikheid aan die dag lê. Deur geslaagde en minder geslaagde voorbeeldte vergelyk kan miskien aangedui word wat die vereistes van argitektoniese beeldhoukuns eintlik omvat.

In die verlede, in tydperke waar geslaagde argitektoniese beeldhoukuns tot stand gekom het, was die argitek en beeldhouer deurgaans dieselfde persoon. Vandaag het ons egter twee gespesialiseerde, opgeleide persone, dikwels met uiteenlopende sienings en idees, wat moet saamwerk.

Voordat daar selfs gedink kan word aan samewerking moet beide argitek en beeldhouer besef wat argitektoniese beeldhoukuns omvat en wat die vereistes daaraan verbonde is om te kan slaag. Hulle moet die waarde en noodsaaklikheid van argitektoniese beeldhoukuns kan insien. Eers dan kan die beeldhouers en argitekte besef hoe hulle mekaar van nut kan wees en hoe onontbeerlik hulle vir mekaar is.

Daar is vandag baie beeldhouers wie se werk met vrug in die boukuns gebruik word. Hoeveel sou die privaat woonhuise, woonstelle, hotelle en industrieë nie kon gebaat het by die kuns van sulke beeldhouers nie. Daar moet erken word dat baie openbare geboue inderdaad deur beeldhouwerk verryk is, maar daar kan nog meer gedoen word.

In die meeste gevalle dink die opdraggewer of argitek net nie aan argitektoniese beeldhoukuns nie en in die gevalle waar die gedagte ontstaan, word dit selde in al sy konsekwensies uitgevoer. Die oorsaak is dat opdraggewer sowel as argitek dikwels maar min kennis dra van die beeldhouers en hulle werk.

Dit is noodsaaklik dat die beeldhouer van die begin af in die hele bouprojek ingesluit moet wees en kennis moet dra van die beplanning. Hy moet deel hê aan die skep van die argitektoniese ruimtes of vlakke wat sy kunswerk moet dra. Slegs op hierdie manier kan die beeldhouwerk 'n onmisbare deel van die geheel vorm.

Daar bestaan 'n ou gesegde: "Architecture is frozen music". Norman Eaton het die beeld nog verder uitgebou deur te sê dat geslaagde argitektuur die resultaat is van goeie orkestrasie van al die onderdele wat nodig is om geslaagde argitektuur daar te stel.⁶⁸

Hierdie rol van die argitek as "dirigent" behoort deur die beeldhouer eweneens verstaan en aanvaar te word. Die argitek moet egter nie hiervan misbruik maak nie. Sonder die nodige vertroue, konsiderasie en wedersydse openhartigheid kan geen samewerking plaasvind nie. Kritiese gesprekke is te alle tye noodsaaklik. Beeldhouer, sowel as argitek, behoort te besef dat hulle albei in diens staan van die gebou. Die sukses van die gebou behoort hulle doelwit te wees. Die beeldhouer en argitek behoort ook wedersyds van mekaar se kennis gebruik te maak.

Dit is moeilik vir 'n beeldhouer om die argitektoniese beeldhouwerk van 'n ander beeldhouer te kritiseer. Hy is geneig om dit te sien as bloot beeldhouwerk terwyl dit in werklikheid 'n skepping is wat tot 'n argitektoniese agtergrond hoort. Vir 'n argitek is die tegniese detail van die werk nie so belangrik nie, hy sien die werk in verhouding tot sy omgewing. Vir hom vorm die beeldhouwerk deel van die konstruksie. Die siening van die argitek is dus breër en minder persoonlik. Die argitek sal dus aan die beeldhouer goeie raad kan gee. Maar ook omgekeerd. Soos die werk vorder kan daar geleenthede opduik waar die vormbewuste oog van die kunstenaar die argitek van groot nut kan wees. Die beeldhouer is gedurig bewus van die groot verskeidenheid van vormvariasie, die moontlikhede van tekstuur, lig en skaduspel, volume, massa en kleur.

Hy mag 22/.....

68. Eaton op. cit.

Hy mag heelwat suggesties kan maak wat die argitek, wat meer funksioneel ingestel is, van baie nut sal wees.⁶⁹

Samewerking tussen beeldhouer en argitek sal eers suksesvol kan wees as die opleiding van beide meer op mekaar ingestel word. Deurgaans is dit egter te geïsoleerd. Te min beeldhouers weet voldoende van argitektuur. Die kennis waарoor hulle hieromtrent beskik is dikwels outodidakties. Net so min weet argitekte voldoende van beeldhoukuns. Dit is noodsaaklik dat elke kunstenaar bewus is van die ander se professie.

"The artist is just as handicapped by his lack of understanding architecture as the architect is by his ignorance of the plastic problems of the painter and sculptor, because each has a rigidly specialized training" - Paul Damaz.⁷⁰

Die gemiddelde beeldhouer is deurgaans afhanklik van opdrakte. Die werke wat hy uitgevoer het, staan gewoonlik waar die algemene publiek dit kan sien en is onderhewig aan baie meer kritiek as byvoorbeeld skilderye. Hierdie noodsaklike afhanklikheid van die publieke mening kan lei tot stimulasie en inspirasie, maar dit kan ongelukkig ook n beperkende faktor wees wat die kunstenaar daartoe sou kon bring om voorgeskrewe estetiese vereistes te aanvaar en nie getrou te bly aan homself nie.⁷¹

Helaas is daar veel beeldhouers wat glo dat hulle hul identiteit geheel en al moet prysgee by die skepping van argitektoniese beeldhouwerk. Sekerlik moet daar toegegings gedoen en aanpassings gemaak word, maar daardie betekenisvolle boodskap wat aan die beeldhouwerk n eie krag gee, behoort behoue te bly.

Die beeldhouer kan skaars verwag dat n volmaakte ateljeestuk hoe volmaak dit ook mag wees, noodsaklik ook n goeie argitektoniese beeld gaan wees. Daar moet gepoog word om die beeld te integreer en om dit te laat strook met die omgewing as geheel.⁷²

Die 23/.....

69. Bitterman op. cit., bl. 86.

70. Dubow op. cit.

71. Casson, S. "Sculpture of Today," The Studio, 1939.

72. Eaton op. cit.

Die waarde van argitektoniese beeldhouwerk word nie net gemitte aan die werk self nie, maar aan die manier waarop die argitektuur en die beeldhouwerk gekombineer is. 'n Beeld wat ontwerp is as 'n onafhanklike kunswerk kan 'n ruimte waarvoor dit nie ontwerp was nie vernietig, of selfs die hele gees van die gebou waarvoor dit gebruik word benadeel. In die proses raak dit gewoonlik ook self vernietig omdat dit nie in harmonie met die omgewing is nie.⁷³

By die skep van argitektoniese beeldhoukuns moet die kunstenaar sy eie emosies meer beperk. Hy behoort 'n meer universiële tema te kies wat 'n situasie of probleem in verband met die mensheid weergee wat deur almal verstaan en geniet kan word.⁷⁴

Die meeste argitektoniese beeldhouwerk word van 'n afstand gesien. Gewoonlik vanaf die oorkant van die straat en selfs dan nog teen 'n redelike hoogte. Die hoogte waar die beeldhouwerk aangebring word beïnvloed die ontwerp en uitvoering daarvan. Omdat die toeskouer die beeld van 'n afstand af aanskou is detail dikwels onnodig omdat dit net gaan verdwyn. Dit is egter noodsaaklik dat die ontwerp van die beeld sterk en duidelik moet wees, en dat dit wat essensieel is beklemtoon word.

Die plek van waar die toeskouer die beeld gaan sien moet in aanmerking geneem word. Indien dit vanuit verskeie hoeke sigbaar is, moet daar sorg gedra word dat die beeld vanuit al hierdie verskillende posisies betekenisvol is.

Die plek waar die toeskouer staan, gaan ook die grootte en verhoudings van die beeldhouwerk beïnvloed. Indien die beeldhouwerk baie hoër as die toeskouer is word die boonste gedeelte effens verleng om die regte verhouding te verkry.⁷⁵ Die beeldhouwerk kan ook effens skuins teen die muur aangebring word sodat die boonste deel meer uitstaan as die onderste deel.

Die materiaal 24/.....

73. Krafft op. cit., bl. 198.
74. Phillips op. cit., bl. 54.
75. Boeck op. cit., bl. 9.

Die materiaal, kleur en tekstuur moet gesien word in verhouding tot die argitektuur om die noodsaaklike effektiwiteit te kan verseker.⁷⁶ Harmonie kan die uitgangspunt wees, maar dit is veral kontras wat aan die meeste beeldhouwerk krag gee.

Omdat argitektoniese beeldhoukuns dikwels aan die buitekant van geboue aangebring word is kennis van die klimaatsomstandighede van die streek waarin die beeldhouwerk opgerig word onontbeerlik. Lig verskil van plek tot plek. Waar die lig swak is sal die vorm des te sterker gedefinieer moet wees. Waar die lig baie skerp is sal ronder, minder afgebakende vorms ook nog geslaagd kan wees. Ook die hoek waaruit die lig val kan 'n aansienlike invloed hé. Skaduspel is belangrik en dit kan die beeldhouer van nut wees deurdat 'n oorgang tussen gebou en beeld daardeur bewerkstellig kan word.⁷⁷ Dit kan ook 'n skynbare diepte aan die beeldhouwerk gee.

Die plek waar die beeldhouwerk aangebring word en die klimaat van die streek is van deurslaggewende invloed wat betref die keuse van die soort materiaal wat gebruik gaan word. Hout sal byvoorbeeld nie gebruik kan word waar dit dag en nag aan wind en weer blootgestel is nie. Net so kan die klam soutlug van die see 'n nadelige invloed hé op die gebruik van metsaal.⁷⁸

In argitektoniese beeldhoukuns speel die argitek vanselfsprekend netso 'n belangrike rol. Dit hang dikwels van die argitek af of daar beeldhouwerk aan 'n gebou gebruik gaan word of nie.

Argitekte maak egter veelal die fout om, eers as 'n gebou reeds begin is, of voltooiing nader, te besluit dat dit argitektoniese beeldhouwerk benodig.⁷⁹ Of erger nog, eers as die gebou reeds voltooi is, word as 'n nagedagte gesoek na 'n stuk beeldhouwerk wat natuurlik nie spesifiek vir die gebou ontwerp is nie.

Die argitek 25.....

76. James op. cit., bl. 88.

77. Damaz op. cit., bl. 61.

78. Bitterman op. cit., bl. 8.

79. Dubow op. cit.

Die argitek moet aan die beeldhouer die plek of plekke vir sy beeldhouwerk verskaf. Hy moet sorg dra dat die gekose plek werklik die mees geskikste is. Die beeldhouwerk moet n fokuspunt vorm in die lym- en vormharmonie van die gebou en moet so opvallend en sigbaar moontlik geplaas word.

Die argitek moet volle vertroue in die kunstenaar hê, wat mede seggenskap behoort te hê oor sy eie werk en toegelaat word om sy eie inisiatief te gebruik.

E. DIE VERSKILLENDÉ SOORTE ARGITEKTONIESE BEELDHOUKUNS.

Josè Sert (1902) het opgemerk dat tussen die vele maniere waarin kuns in die argitektuur gebruik kan word, daar drie voor-die-hand-liggende, basiese metodes is wat onderskei kan word, naamlik aanhegting, integrasie en konfrontasie.⁸⁰

Met aanhegting word bedoel dat n gebeeldhoude losstaande voorwerp aan n reeds bestaande argitektoniese oppervlak geheg word. Hierdie soort argitektoniese beeldhoukuns kom baie algemeen voor, moontlik omdat beeldhouer sowel as argitek reken dat daar die minste moeite aan verbonde is. Die argitek voltooi sy gebou en die beeldhouer sy beeldhouwerk en die twee word dan op 'n latere stadium aan mekaar vasgeheg. As argitektoniese beeldhoukuns is hierdie werke dikwels nie suksesvol nie omdat ons met twee losstaande elemente te doen het wat ewe skielik gedwing word om in harmonie saam te leef.

n Voorbeeld van hierdie soort beeldhouwerk is Jaques Lipshitz (1891) se "Prometheus en die Arend", in 1943-44 gemaak, en aan die gebou van die Departement van Onderwys en Gesondheid in Rio de Janeiro aangebring. Hierdie gebou is n uitstekende voorbeeld van moderne argitektuur. Die argitekte het hier n ideale plek vir argitektoniese beeldhoukuns geskep, naamlik n groot, eenvoudige, ligte muur. Die res van die gebou bestaan feitlik net uit vensters. Die beeldhouwerk wat Lipshitz vir die gebou ontwerp het, het seker dan ook naby aan die ideaal van aangehegte beeldhoukuns gekom.

Met die 26/.....

80. Dubow op. cit.

Met die uitvoering van die werk is dit egter verklein sodat dit nou slegs 'n derde van die oorspronklike afmeting het as wat aanvanklik beplan was.⁸¹ Dit is heeltemal verdwerg. teen die oorheersende lige muur waarteen dit 'n donker kolkletjie hoog teen die muur vorm.⁸² Die beplande verhouding het verval en die totaalindruk het gevoglik misluk.

Anders as in die geval van aanhegting vorm die beeldhouwerk by integrasie 'n eenheid met die gebou en groei uit die gebou uit. Die mees geslaagde soort boubeeldhouwerk in die geskiedenis was seker van die soort.

Van die enkele kere wat Henry Moore (1898) argitektoniese beeldhouwerk gedoen het maak hy van hierdie metode gebruik. In sy reliëf vir 'n muur van die Bouwcentrum in Rotterdam (1955)⁸³ het hy van die stene, waarvan die muur gebou is, gebruik om sy reliëf te skep. Die reliëf groei uit die muur omdat party van die stene van die muur na vore kom en ander weer terugbeweeg.⁸⁴ Alhoewel hierdie medium baie moontlikhede inhoud, is hierdie spesifieke werk baie los in konstruksie en betekenisloos.

'n Ander baie geslaagde voorbeeld is Henry Moore se argitektoniese beeldhouwerk aan die Time-Life kantore in Bondstraat, London.⁸⁵ Daar is 'n opening in die muur waarin die beeldhouwerk aangebring is sodat dit van albei kante gesien kan word.

'n Nuwe argitektoniese beeldhoukuns wat meer en meer veld wen is die soort losstaande beeldhouwerk wat in 'n ruimtelike verhouding tot die argitektuur geplaas word. Hierdie soort beeldhouwerk kan voor of langs, of selfs binne in 'n gebou geplaas word. Daar moet 'n beplande konfrontasie tussen beeld en argitektuur wees sonder dat die beeld fisies 'n deel van die gebou vorm. Hierdie katagorie veronderstel 'n volronde, drie-dimensionele beeldhouwerk.

Om slegs 27/.....

81. Damaz, P. Art in Latin American Architecture, bl. 81.
82. Giedion-Welcker, C. Contemporary Sculpture, An Evolution in Volume and Space, bl. 61.
83. Brosjyre: Rotterdam - Stad met vele Contrastens.
84. Trier, E. Form and Space. The Sculpture of the twentieth century, bl. 245.
85. Bitterman op. cit., bl. 86.

Om slegs heeldhouwerk wat aan die argitektuur geheg word te beskou as argitektoniese beeldhouwerk is beperkend. By alle elemente wat in verhouding tot die argitektuur geplaas word moet die argitektuur in gedagte gehou word. Daar moet n eenheid en harmonie tussen hulle bestaan. Enige beeldhouwerk wat in 'n omgewing beplan is, moet met die omgewing verbind word.

Onder hierdie soort argitektoniese beeldhouwerk tref ons dikwels verrassende resultate aan. Dit gebeur dikwels dat die argitektuur sowel as die beeldhouwerk iets wen deur konfrontasie.⁸⁶ Ietwat strak en ongedifferensieerde argitektuur kan deur beeldhouwerk met ronde vorms as kontras 'n menslike element bekom.

Volgens Henry Moore kan die beeldhouer, as hy gebruik maak van konfronterende beeldhouwerk, los staan van die beperkende mag wat die argitek miskien kan uitoefen.⁸⁷

Vir geslaagde konfronterende beeldhouwerk is die omvang van die beeldhouwerk ten opsigte van die grootte van die gebou baie belangrik. 'n Klein beeldhouwerkie langs 'n toeringgebou sou geen sin hê nie. Die afstand tussen beeldhouwerk en gebou moet met sorg gekies word.

Konfronterende beeldhouwerk wat nie aan een van die basiese vereistes beantwoord nie is Naum Gabo (1890) se "Konstruksie in die ruimte" (1957) by die "Bijenkorf" in Rotterdam, Holland.⁸⁸

Hierdie beeldhouwerk is baie groot in verhouding met die gebou wat dit veronderstel is om te komplementeer. Verder staan dit langs die gebou op die sypaadjie ingedruk.⁸⁹

Daar is in Suid-Afrika heelwat voorbeelde van konfronterende argitektoniese beeldhoukuns.

In 28/.....

86. Dubow op. cit.

87. James op. cit., bl. 99.

88. Brosjyre: Rotterdam - Stad met vele Contrastene.

89. Giedion-Welker op. cit., bl. 184.

In Kaapstad is die nie-figuratiewe beeldgroep "Gesinsgroep" deur Albert Newall. Hierdie beeld staan op 'n gedeelte van die African Life-gebou terwyl die res van die gebou daaragter oop-toring. Die beeldhouwerk word volkome deur die gebou ver-dwerg.⁹⁰ Bowendien staan dit op 'n hoë driehoekige voetstuk en is ver bo die normale kykvlak van die publiek. As gevolg van ander hoë geboue is dit ook nie van orals af sigbaar nie.

Nog 'n voorbeeld is die groot beeld van 'n bul deur Hennie Pot-gietter aan die Kerkstraat kant van die Provinciale gebou in Pretoria. Die beeld is op 'n smal stukkie aarde tussen die gebou en die sypaadjie vasgedruk. Die kunswerk lyk nie na 'n deel van die geheel nie maar skep die indruk van 'n vriendelike nagedagte.⁹¹

Sommige kunsskrywers beskou die bekende oorlogsmonument van Os-sip Zadkine (1890) in Rotterdam ook as argitektoniese beeldhou-kuns. Hierdie beeld, wat dien as 'n herinnering aan die ver-nietiging van Rotterdam, is die smartkreet van 'n gemartelde mens in 'n gemartelde stad. Insigself dra die beeld betekenis maar dit word eers sinvol teen die nuut opgerigte geboue wat dit omring. Die argitektuur word hier verryk deur die beeld maar terselfdertyd vorm die argitektuur die noodsaaklike agter-grond vir die beeld.

F. DIE NUT EN NOODSAAKLIKHEID VAN ARGITEKTONIESE BEELDHOUKUNS

Die mens, so ver gevorder op die wetenskaplike en tegniese ge-bied, bly nogtans basies 'n wese wat op sy emosie staatmaak. Ons reageer op iets met ons gevoel en eers later sal ons dit met ons verstand beredeneer. Ondanks ons wetenskaplike voor-uitgang kan ons ons menslike emosies nie weg redeneer nie. Ons het begin besef dat 'n brug nodig was tussen rou emosie, dik-wels afstootlik, en die wetenskaplike wêreld wat ons vir onsself geskep het. Artistieke vorm was nodig om hierdie emosie te bedek. Die kunstenaar het die brugbouer tussen die warm mens en die koue, omvormde wêreld geword.

"Such 29/.....

90. Alexander, F.L. Kuns in Suid-Afrika Skilderkuns, Beeldhou-kuns en Grafiek sedert 1900, bl. 126.

91. Dubow op. cit.

"Such symbols, however are vital necessities. Feelings build up within us and form systems; they cannot be discharged through instantaneous animal outcries or grimaces. We need to discover harmonies between our own inner states and our surroundings. And no level of development can be maintained if it remains detached from our emotional life. The whole machinery runs down."⁹²

Werklike goeie argitektuur sal nooit kan ontstaan uit die louter samevoeging van 'n aantal tegniese oplossings vir boukundige probleme nie. Die mens reageer nie onmiddellik en positief op die konstruksiemetodes van 'n gebou, of die fisiese kwaliteit van die rou materiale waarvan geboue gekonstrueer is nie. Die tegniese aspekte van 'n gebou word met die intellek ontleed.

Die geskiedenis leer ons dat die mens nie tevrede is met die funksionele argitektuur waaruit alle gevoel geweer is nie. Die mens maak staat op sy instinktiewe gevoel en reageer op die stemming, sfeer en karakter. Toon, kleur, tekstuur, patroon, natuurlike vorm en simbole word onmiddellik deur die sintuie opgeneem en vertolk.⁹³ Beeldhouwerk kan aan die argitektuur dus baie gee wat dit van meer waarde vir die mens sal maak.

Argitektuur sonder beeldhoukuns is dikwels hard en onsimpatiek. So 'n skeiding lei noodwendig tot geestelike verarming. Kunswerke daarenteen verbreed ons ondervindingsveld, verhoog ons begripsvermoë, verskerp ons bewustheid en reaksies en prikkel ons denke en verbeelding. Ons kan dus skaars aan kuns sy permanente plek in ons bouwerke ontnem.⁹⁴ Beeldhouwerk in 'n gebou kan aan die hele kompleks, wat beeld is van die feitewerklikheid, betekenis gee deurdat dit die menslike faktor, die ideale werklikheid, onderstreep.⁹⁵ Beeldhouwerk kan ook dien as 'n soort van oorgang tussen die klein mensie en die reusagtige gebou. Beeldhouwerk kan daar toe bydra om aan die struktuur van die gebou self 'n ekspressiewe krag te gee. Dit kan die massa van die gebou of die ligtheid van die elemente van die konstruksie beklemtoon.

'n Gebou 30/.....

92. Giedion, S. Space, Time and Architecture, bl. 427.

93. Floyd, H. "Colour, Decoration, Sculpture, etc.", The South African Architectural Record, Julie - Augustus 1961, bl. 25 - 27.

94. Dubow op. cit.

95. Boeck op. cit., bl. 7 - 8.

'n Gebou, insigself nie groot of solied nie - kan baie solied lyk as dit gekontrasteer word met beeldhouwerk wat van 'n liger en yler kwaliteit is en die gebou groter laat lyk. Die teenoorgestelde is ook juis.⁹⁶

'n Gebou wat opgebou is uit sterk horisontale en vertikale lyne sal baat by beeldhouwerk wat uitgesproke diagonaal of gekurf is.⁹⁷ Dit kan aan die gebou die noodsaaklike balans gee. Beeldhouwerk kan ook dien om 'n argitektoniese oppervlak te beklemtoon. Dit kan so 'n hoek of kurwe versag of die skerpheid daarvan verminder. Feitlik enige deel van die konstruksie waarvan daar te veel is, wat te sterk is, kan deur 'n juis beplande stuk beeldhouwerk gebalanceer word.

Beeldhouwerk kan gebruik word om 'n oppervlakte te verryk, dit kan dien as ligweerkaatser en kan sekere materiale laat vibreer. So word beweging geskep. Dit kan die eentonigheid van 'n groot argitektoniese massa verbreek.⁹⁸ Dit kan 'n klein ego word, 'n soort van kern van die gebou. Dit kan ook die noodsaaklike funksie van herhaling vervul. Argitektoniese beeldhouwerk vorm dus 'n fokuspunt wat die harmonie van die hele gebou saamvat en konsentreer. Dit is esteties noodsaaklik en dikwels struktureel funksioneel.⁹⁹

Dit is egter nie net beeldhouwerk wat vir die argitektuur belangrik is nie, maar andersom ook. Die mens het nog altyd 'n behoeft gevoel om te kommunikeer en om te versier. Deur sy emosies in artistieke vorms uit te druk het die mens aan hierdie twee basiese vereistes voldoen. Die menslike beskawing en die omgewing van die mens het met rasse skrede verander maar hierdie basiese behoeftes het gebly. Eintlik het die onstandvastigheid van die beskawing hierdie behoeftes nog verskerp. In ons byna daagliks veranderende wêreld het die mens 'n behoeft aan konkrete, standvastige simbole. Dic kunstenaar is daar om hierdie simbole te skep.¹⁰⁰

Die kunstenaar het 'n sosiale verantwoordelikheid jeens die mens.

Hy 31/.....

96. Noguchi, I. "The Sculptor and the Architect", Studio International. Julie-Augustus 1968, bl. 18-20.
97. Phillips op. cit., bl. 54.
98. Damaz, P. Art in European Architecture, bl. 59 en 33.
99. James op. cit., bl. 88.
100. Damaz, P. Art in European Architecture, bl. 59 en 33.

Hy moet die geestelike elemente, wat so maklik verswelg word in ons eeu van massaproduksie, 'n artistieke vorm gee.

Die kunswerke van ons tyd word egter dikwels in museums aange-tref waar dit slegs die aandag van 'n beperkte aantal mense trek. 'n Museumstuk kan nooit dieselfde effek hê as 'n kunswerk waarmee 'n mens daagliks saamleef nie. As kuns weer sy sosiale rol wil vervul moet dit na die man in die straat gebring word. Vir hierdie doel kan kuns gebruik maak van die argitektuur. Argitektuur is deel van ons daaglikse bedrywigheid, daar sal kuns gesien, gewaardeer en gebruik kan word.¹⁰¹

Veral die moderne beeldhouwerk waarby voorstelling 'n ondergeskikte rol speel, het 'n argitektoniese gasheer nodig om tot sy reg te kom. As 'n beeldhouwerk 'n redelike getroue weergawe is van die natuur is dit dikwels in sigself voltooi. Abstrakte beeldhouwerk wat minder verband met die natuur vertoon en die fundamentele probleme van die kunste verken, het vir volle trefkrag 'n verband nodig met ander vorm, massa en kleur. Die meeste kunswerke kom eers tot hulle volle waarde as hulle in 'n spesifieke konteks gesien word.¹⁰²

Hoe belangrik hierdie konteks is, blyk uit die argitektoniese beeldhouwerk van Hans Arp (1807) in die UNESCO gebou in Parys. Die paar eenvoudige bronsvorms teen die ligte muur verskaf 'n sekere warmte en lewe teen die muur. Sonder agtergrond sou hierdie gebeeldhoude plate egter sinneloos gewees het.

Die band wat daar tussen beeldhouwerk en argitektuur bestaan dra daartoe by dat die een die ander verhef en veredel. Die een is noodsaaklik vir die perfeksie van die ander. In die kombinasie van die kunste lê hulle rykheid van uitdrukking en in eenheid en kameraadskap lê hulle krag. 'n Mens kan dit vergelyk met 'n steen en sy montuur. Saam het ons 'n juweel, los van mekaar het ons slegs moontlikhede.¹⁰³

As daar soveel sin daarin is om beeldhouwerk en argitektuur saam te gebruik is daar genoeg rede om na 'n geslaagde sintese van die twee te probeer strewe.

101. Bitterman op. cit., bl. 7.

102. Dubow op. cit.

103. Seddon, P. Progress in Art and Architecture, bl. 19.